

Gr R tot Gr 3



Is jy ingeplug en aangeskakel?

1 Korintiërs 2:1-12

voorbereiding

Neem saam:

- Bedlampie en gloeilamp
- Flits en batterye
- Wol en kleeflint
- Afskrifte van prent op laaste bladsy
- Inkleurkryte

OPENINGSGEBED:
vra vir een van die kinders om te open met gebed.

bid tyd

gesels tyd

Musical chairs:
Speel met die kinders musical chairs. Pak die stoele in 'n ry of in 'n kring. Speel musiek en neem een stoel weg terwyl die kinders op die maat van die musiek in die kring om die stoele beweeg. Stop die musiek. Die een wat

nie 'n stoel kry om op te sit nie, is uit. Hou aan tot daar 'n wenner is met net een stoel oor.

Gesels na die speletjie met die kinders oor hoe dit gevoel het om deel van die speletjie te wees, en hoe dit voel om uit te wees. Dis altyd lekkerder om deel van die speletjie te wees, as om buite te staan en te sien hoe die ander speel.

Wie van julle is bang vir die donker? Nie almal is bang vir die donker nie, maar mens voel beter en veiliger wanneer jy 'n lig kan aanskakel en kan sien wat om jou aangaan. *Hou nou die bedlampie aan die kinders voor, sonder die gloeilamp in.* Dink julle dit sal help om so 'n bedlampie by jou te hê? Wat is nog nodig? *Lei die kinders in die antwoorde na 'n gloeilamp, maar maak hulle bewus daarvan dat dit steeds niks beteken as die lig nie by die kragprop ingeplug en aangeskakel is nie.* 'n Bedlampie kan slegs iets beteken as daar 'n gloeilamp in is en die lampie by die kragprop ingeplug en aangeskakel

is. Dit gaan jou niks help om net 'n lampie of net 'n gloeilamp te hê nie. Jy het alles nodig om lig te kan hê.

gesels tyd (vervolg)

Maar 'n bedlampie is nie al wat lig maak nie. Kan julle dalk vir my sê wat nog alles lig kan maak? *Gee*

vir die kinders geleentheid om op te noem wat nog alles lig kan gee: Flitse, kerse, lampies ens.

Net soos die lig met die gloeilamp krag nodig het, het 'n flits ook batterye nodig. Maar al het die flits batterye in, moet dit eers aangeskakel word, voordat dit iets kan beteken. 'n Kers moet aangesteek word voordat dit lig kan gee.

Ons sien dus uit die oefeninge uit dat mens alles kan hê wat nodig is, maar daar kort eers 'n aksie om die ding te laat werk voor daar lig is.

Hierdie liedere is slegs voorstelle. Sing gerus iets wat meer bekend is.

sing tyd

Lied: Laat ons skyn vir Jesus (Hal.227)

Laat ons skyn vir Jesus met 'n helder glans
Skitter soos die sterre, aan die hemel trans
In die donker wêreld, skyn dan skyn
Jy in jou klein hoekie en ek in myn

Lied: Hierdie klein liggie van my

Hierdie klein liggie van my, ek gaan hom laat skyn (x3)
Ek gaan my liggie laat skyn

Op 'n Maandag – gaan my liggie laat skyn
Op 'n Dinsdag – gaan my liggie laat skyn
Op 'n Woensdag – gaan my liggie laat skyn
Op 'n Donderdagdag – o ja!
Op 'n Vrydag – gaan my liggie laat skyn
Op 'n Saterdag – gaan my liggie laat skyn
Op 'n Sondag gaan ek kerk toe
EK gaan my liggie laat skyn

BYBEL tyd

Paulus was 'n dissipel van Jesus wat baie lief was vir Jesus. Hy het graag vir mense vertel alles wat Jesus vir hulle geleer het. Jesus het vir sy dissipels die opdrag gegee voor Hy weg is om te gaan plek gereed maak in die hemel, dat almal wat Hom ken, vir ander van Sy liefde moet gaan vertel. Die dissipels was eers bang want hulle was net gewone mense en sou ander regtig

na hulle luister? Maar God het 'n spesiale plan gehad. Hy het sy Heilige Gees gestuur om die dissipels te help en die regte woorde in hulle mond te lê sodat hulle die regte dinge kan sê. Maar die Heilige Gees is ook by almal wat vir Jesus liefhet. Die Heilige Gees berei ook die mense wat moet hoor van Jesus, se hart voor dat hulle sal verstaan wat vir hulle van Jesus geleer word.

Die Heilige Gees is soos die krag wat die liggie kan aanskakel, die batterye wat die lig laat werk. Die woorde wat die mense wat vir Jesus lief is gebruik en vir ander van Jesus vertel, is dit soos die skakelaar wat aangeskakel word. Alles saam is nodig dat ander van Jesus kan leer en Hom ook aanvaar as die een wat vir hulle sondes aan die kruis gesterf het.

Maar kom ons lees daarvan in die Bybel:

Lees vir die kinders voor uit 1 Kor.2:1-5 en 10-12

In die gedeelte wat ons gelees het, sien ons dat die Heilige Gees 'n baie belangrike werk in ons lewe speel. Die Heilige Gees hou ons ingeplug by God, leer ons van Jesus en help ons om ons liggies te laat skyn dat ander mense ook kan leer hoe lief God hulle het. Ons kan nooit dink ons is so oulik om vir ander van Jesus te vertel nie, dit is alles die werk van die Heilige Gees. Want as ons dink ons doen dit want ons is oulik, dan is ons soos die bedlampie wat nie 'n gloeilamp in het nie en wat nie ingeplug is by die kragpunt nie, en dan beteken ons woorde eintlik maak niks.

Is jy al ingeskakel by God. Vra die Heilige Gees om in en deur jou te werk sodat jou liggie elke dag helder kan skyn om vir ander van Jesus se liefde te vertel. So maak ons lig in 'n donker wêreld.

Ek en jy moet elke dag vir God vra om Sy liefde deur ons te laat vloei.

doen & leer tyd

Laat jou liggie skyn:

As die klas klein genoeg is, kan daar 'n klein gloeilampie met batterye en draadjie aan elkeen voorsien word om 'n stroombaan te bou wat die liggie sal laat brand.


Anders kan die prent op die volgende bladsy ingekleur word. Bring wol en kleeflint saam en verbind die lampie met die kragprop sodat die liggie kan skyn. Verduidelik aan die kinders dat die liggie nie kan werk as daar nie 'n krag kabel is wat die lampie en die kragprop verbind nie.

Moedig die kinders aan om vir mamma en pappa te gaan vertel hoe belangrik die werk van die Heilige Gees in ons lewe is.

groet tyd

Dankie Heilige Gees dat U ook in my lewe werk om elke dag van Jesus se liefde te kan getuig.

Amen



Laat jou liggie skyn:
Kleur die prent in.
Plak 'n stukkie wol om die lampie
en die kragprop te verbind

